LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: laervolk@netactive.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

19-01-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 2 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **OUERDAG**:

- Baie dankie aan elke ouer wat Saterdag teenwoordig was tydens ons ouerdag! Julle maak ons baie trots! Baie dankie ook vir elkeen wat bloed geskenk het, ons het 65 eenhede bloed kon skenk!
- Ons wil graag ook vir ons leerders baie dankie sê vir hulle mooi maniere en goeie gedrag op Saterdag en tydens die afgelope atletiekbyeenkoms. Julle is sterre!

2 **ATLETIEK 2016: WOENSDAG, 20 EN SATERDAG, 23 JANUARIE 2016**
KLEREDRAG:

- Woensdag en Saterdag trek die atlete, die skool-atletiekhemp met hulle groen skool-atletiekbroekie aan of 'n groen lang kniehoogte "ski-pants" en direk na deelname hulle Volkiebroek bo-oor.

WOENSDAG, 20 JANUARIE 2016:
Die **skool verdaag om 13:00 en atlete moet asb. 13:30 aanmeld** by die pawiljoene van Hoër Volkskool. Byeenkoms begin 14:00 tot 18:00.

SUPER 8:

Saterdag, 23 Januarie neem ons deel aan die Super 8 Atletiek te DP De Villiers stadion te Sasolburg. Ouers word versoek om asb. self te reël vir die atlete se vervoer. Kontak vir Mnr Tewis van der Westhuizen indien u enige navrae het.

3 **KULTUURAAND**:

Neem kennis van 'n Kultuuraandvergadering wat gehou word op 19 Januarie om 18:00 in die personeelkamer.

Datum: 19 Februarie 2016
Tyd: 18:30 vir 19:00
Plek: Poortjie saal
Drag: Formeel
Gaskunstenaars: Kevin Leo en Jakkie Louw
Koste: R300 per persoon
Kaartjies: Beperkte aantal sitplekke is nog beskikbaar by Mev Chrisna Meyer in die kantoor.

KULTUURAANDVERGADERING VIR ALMAL BETROKKE BY DIE REËLINGS OP 21 JANUARIE OM 18:00 IN DIE PERSONEELKAMER!

4 **HUISWERKBOEKIES**:

Onthou jou R10 vir die huiswerkboekie.

5 **VEILIGHEID VAN LEERDERS**:

Ouers, gebruik ASSEBLIEF die Padpatrollie voetoorgang. Die veiligheid van ons leerders is nie onderhandelbaar nie!

6 **ATLETIEK OEFENTYE:** MAANDAE, DINSDAE EN DONDERDAE

	HOOGSPRING	VERSPRING	GEWIGSTOOT
0/10	14:00 - 14:25	14:50 - 15:10	14:25 - 14:50
0/11	14:25 - 14:50	14:00 - 14:25	15:10 - 15:30
0/12	14:50 - 15:10	15:10 - 15:30	14:00 - 14:25
0/13	15:10 - 15:30	14:25 - 14:50	14:50 - 15:10

	HEKKIES	LANGAFSTANDE
0/10	15:10 - 15:30	14:00 - 15:30 vir ALMAL
0/11	14:50 - 15:10	
0/12	14:25 - 14:50	NAELLOPE
0/13	14:00 - 14:25	14:00 - 15:00 vir ALMAL

7 **RUGBY**:

- Oefening begin Maandag, 8 Februarie vir 0/9 - 0/13.
- Pa en Seun rugby-braai is op 10 Februarie 2016.
- Super 8 rugby- en netbal vind vanjaar weer plaas in Kroonstad vanaf 8-9 April.
- Oefentye: Maandae, Dinsdae en Donderdae

SPAN	TYD	AFRIGTERS
0/9	14:00-15:00	Mnr Tiaan & Mnr Jaco
0/10	14:45 - 15:45	Mnr Lardus & Mnr Jaco
0/11	15:30 - 16:30	Mnr Piet & Ds Danie
2des	16:15 - 17:15	Mnr Dawie & Mnr Cassie
1stes	16:15 - 17:15	Mnr Lardus & Mnr Tewis

8 **NETBAL**:

- Alle 0/9 - 0/13 netbaldogters begin 8 Februarie oefen.
- Konka kliniek is op 25 en 26 Januarie vanaf 14:00 tot 16:00. Koste beloop R280 vir 0/9 - 0/12 dogters. Die 0/13 dogters gaan later toer.

- Oefentye: Maandae, Dinsdae en Donderdae

0/9; 0/10 en 0/11	14:15 - 15:15
0/12 & 0/13	15:15 - 16:15

9 **SKOOLREDENAARS VIR 2016:**

Seniors - 10 Februarie Juniors - 11 Februarie

Besoek gerus atkv@org.za vir wenke en riglyne i.v.m. toesprake

GRAAD 1-3	**GRAAD 4 & 5**
- Ledigheid is die duiwel se oorkussing - As die vlooi byt, moet jy krap - Elke haan is koning op sy eie mishoop - As twee hande mekaar was, word albei skoon - Om van 'n padda vere te probeer pluk	- Bloed kruip waar dit nie kan loop nie - Die pap dik aanmaak - Wie wind saai, sal storm maai - Jou eie boontjies uitdop - Die oggendstond het goud in die mond
GRAAD 6 & 7	
- Iemand se Achilleshiel - As hoenders tande kry - 'n Man van twaalf ambagte en dertien ongelukke - Haastige hond verbrand sy mond - Elke bobbejaan het sy krans	

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF